HOËRSKOOL DF MALAN
Frans Conradierylaan
BELLVILLE
7530
021 9488781

11 November 2024

Geagte Ouer/Voog

FINANSIES: 2025

Tydens die Algemene Jaarvergadering gehou op Donderdag. 7 November 2024, is die Begroting en die skoolfondsbetaling vir 2025 aan die teenwoordige ouers voorgelê. Hulle was ingelig oor die faktore wat bepalend is in die samestelling van die skoolbegroting.

Die voorgelegde resolusies vir die 2025 begroting is aanvaar en goedgekeur:

1. Skoolfonds is 'n **statutêre verpligting en is vooruitbetaalbaar** op 1 Januarie 2025 vir die skooljaar. Dit word bepaal volgens die totale getal skooldae vir die skooljaar, m.a.w. skoolvakansies uitgesluit. Die skoolfonds sal in 11 gelyke maandelikse paaiemente vanaf 31 Januarie tot 30 November teen u rekening gedebiteer word.
2. Indien u rekening agterstallig raak, sal 'n finale kennisgewing van oorhandiging aan u gestuur word per e-pos. Die skoolfonds is wetlik afdwingbaar is as skuld, soos voorgeskryf word deur die SA Skolewet, (Wet 84 van 1996) en mag nie aan 'n skuldberader interme van Seksie 129 van die Nasionale Kredietwet, oorhandig word nie. Skoolfonds vorm nie skuld soos bepaal word in die Nasionale Kredietwet nie. Beide ouers van 'n leerder is en bly verantwoordelik vir die betaling van skoolfonds, hetsy getroud, geskei of ongetroud. Geen hofbevel, ooreenkomste sal verhoed dat beide ouers oorhandig word nie.
3. Die begroting inkorporeer die voortsetting van die strategie met betrekking tot die beleggings in gehalte-onderwys, werwing van kinders, geheel-ontwikkeling van ons kinders en verbeteringe aan bestaande fasiliteite.
4. Eweredige betalings is betaalbaar vanaf 31 Januarie 2025 tot 30 November 2025. Geen uitstaande skoolfonds vir 2024 sal oorrol na die volgende jaar nie. Uitstaande bedrae sal aan ons invorderaars oorhandig word vir invordering.

5. **SKOOLFONDS PER LEERDER EN DIE 3 BETALINGSOPSIES BESKIKBAAR:**

Skoolfonds 2025	**Opsie 1:** 5% Korting toegestaan vir eenmalige betaling voor of op 15 Februarie 2025.	**Opsie 2:** Debietorder 11 maande vanaf 1 Februarie tot 1 Desember 2025	**Opsie 3:** Internetbetaling 11 maande vanaf 1 Februarie tot 1 Desember 2025	**8ste vakke moet by die onderskeie paaiemente ingesluit word.**
R39 939.00	R37 944.00	R3 631.00	R3 631.00	

VAKGELDE

SPORTWETENSKAP	R3 100.00 p.j	R282.00 p.m	GEEN AFSLAG	GEEN KT NA AFSNYDATUM
ROBOTIKA	R3 200.00 p.j.	R291.00 p.m	GEEN AFSLAG	GEEN KT NA AFSNYDATUM
RTT (8STE VAK)	R3 100.00 p.j.	R282.00 p.m.	GEEN AFSLAG	GEEN KT NA AFSNYDATUM
IT	R3 100.00 p.j.	R282.00 p.m.	GEEN AFSLAG	GEEN KT NA AFSNYDATUM
LEERONDERSTEUNINGSMATERIAAL	R800.00			
VERLORE BOEKE	R250.00 p/boek			

SLUITKASSIE (KARRI)	R160.00			
LAAT AFHAAL VAN BOEKE (NIE VAN TOEPASSING OP NUWE LEERDERS)	R450.00			

Waar 'n nuwe leerder gedurende die jaar inkom, sal die bedrag verskuldig vir skoolfonds bereken word in ooreenstemming met die oorblywende termyn wat 'n leerder in Hoërskool D.F. Malan sal wees.

6. **VRYSTELLING/VERMINDERING VAN BETALING VAN SKOOLFONDS DEUR OUERS/VOOGDE SLUITINGSDATUM 28 FEBRUARIE 2025:**
   'n Ouer/aanneemouer/voog wat van die betaling van skoolfonds vir elke individuele kind vrygestel wil word, of in aanmerking wil kom vir 'n verminderde betaling, moet skriftelik by die Voorsitter van die Beheerliggaam aansoek doen. Dui op die finansiële onderneming onder die Ja/Nee blokkies (punt 4) aan indien u vir vermindering wil aansoek doen. Die Finansiële Beampte sal dan die nodige inligting aan u e-pos. **U bly aanspreeklik vir skoolfondsbetaling totdat u skriftelik deur die Beheerliggaam in kennis gestel word van die uitslag van u aansoek. Let daarop dat geen aansoek om vermindering/vrystelling van skoolfonds op ekstra vakke gedoen kan word nie. GEEN VOLTOOIDE VORM SAL PER E-POS AANVAAR WORD NIE.**
   Op die aansoekvorm is 'n uiteensetting van dokumentasie wat benodig word vir die oorweging van 'n aansoek. Indien ALLE inligting nie by u asansoek aangeheg is nie, sal u vorm NIE verwerk word nie, aangesien dit as onvolledig beskou sal word. Maak seker dat alle inligting soos versoek word aangeheg word. Daar sal streng volgens die beleid opgetree word met die verwerking van elke aansoek.
   Let daarop dat u verantwoordelik bly vir die betaling van skoolfonds totdat die aansoek volledig verwerk is.
   GEEN VRYSTELLINSVORM SAL UITGEGEE WORD INDIEN 'N REKENING OORHANDIG IS VIR DIE BETROKKE JAAR NIE.
7. Die aanstelling van addisionele personeel asook die betaling aan staatsdienswerknemers ingevolge Art. 38A van die Suid-Afrikaanse Skolewet word goedgekeur.

BAIE BELANGRIK:
ALBEI ouers moet bladsy 2 onderaan onderteken om te bevestig dat die skool u ingelig het wat die jaarlikse skoolfonds beloop en wat die prosedure is indien u vir vermindering wil aansoek doen. Stuur die vorms, tesame met die voltooide debietordermagtiging (indien van toepassing), terug na die skool toe voor of op **6 Januarie 2025**.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank: Hoërskool D.F. Malan
ABSA Takkode: 632005
Tjekrekening: 340390156
Verw: Rekeningnommer soos op staat

Baie dankie vir u ondersteuning deur 2024. U finansiële bydraes maak dit moontlik vir die skool om voortdurend kwaliteit akademiese onderrig te bied. Verder ondersteyn u skoolfonds 'n wye verskeidenheid kultuur en sport aktiwiteite wat ons kinders in totaliteit ontwikkel tot gebalanseerde jong volwassenes.
Ons wil u aanmoedig om waar moontlik, betrokke te raak by die skool. U ondersteuning speel 'n belangrike rol om te help om 2025 nog 'n uitstekende jaar vir die Hoërskool DF Malan te maak.

'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2025.

Groete.

F. Retief
Finansiële Voorsitter